## Van die Redaksie

*NA die verskyning van die jongste uitgawe van HISTORIA (Derde Jaargang, Nummer 2), het verskillende lesers teleurstelling uitgespreek dat na die uiterlike geoordeel, die besondere nummer sigbare tekens van agteruitgang openbaar. Dat dit so is, kan nie ontken word nie en is aan verskillende omstandighede toe te skryf.*

*Soos in Junie 1957 aangekondig (Tweede Jaargang, Nummer 1, bl. 74), het die Redaksie besluit om die tydskrif met ingang Jaargang III, kwartaalliks te laat verskyn. Nou skyn dit heeltemal redelik dat 'n tydskrif met vier aflewerings per jaargang, 'n geringer aantal bladsye leesstof per aflewering sal aanbied as wanneer dit om die vier maande verskyn. Dit verklaar waarom die jongste nummer slegs 64 genommerde bladsye bevat teenoor sy voorgangers wat nooit minder as 80 bladsye kon aanbied nie. Dit hoef egter geen sorge te wek nie omdat die totale aantal bladsye vir die derde jaargang minstens gelyk aan en waarskynlik groter as van die voorafgaande twee jaargange sal wees.*

*Daarby sou dit die opmerksame leser opgeval het dat die bladspieël vanaf die begin van die derde jaargang aansienlik groter is as wat voorheen die geval was sodat 64 bladsye tans, in werklikheid meer leesstof bied as 80 bladsye volgens die grootte van die bladspieël van die eerste twee jaargange.*

*Die opvallendste verklaring vir die in die ooglopende verslanking van die jongste aflewering moet egter aan die nuwe tipe papier wat vir die afdruk daarvan gebruik is, toegeskryf word. Die enigste rede waarom op die verandering besluit is, is om die plasing van kleiner foto's op die regte plek in die teks, moontlik te maak. Dat die kwaliteit van die papier nie aan die verwagtings beantwoord het nie, is ongelukkig maar 'n ernstige poging word aangewend om die leemte met die nummer wat hiermee aangebied word, uit te skakel. Indien die poging na die oordeel van lesers, ook nie suksesvol is nie, sal na die vorige reëling teruggekeer word.*

*Aan lede van die HISTORIESE GENOOTSKAP en lesers van HISTORIA kan die gerusstellende versekering gegee word dat die uiterlike verswakking nie op 'n dreigende ineenstorting dui nie. Solank as wat intekenaars so getrou as in die verlede hulle verpligtinge teenoor die tydskrif nakom, is daar geen rede dat die materiële gehalte ter wille van finansiële oorwegings gekrimp sal hoef te word nie.*

*Die Redaksie voel egter besorgder oor die gehalte van die bydraes wat in die tydskrif verskyn as 'n tydelike en verbygaande uiterlike tekortkoming. Ook in dié opsig bestaan geen rede tot kommer nie omdat na die mate wat die Historiese Genootskap uitgebou word, die paneel van medewerkers steeds wyer uitkring en die Redaksie in staat stel om nou, net soos voorheen, selektief te werk te gaan.*